


PUNT

Gesinstydskrif

https://heyzine.com/flip-book/3d7cf070c2.html?fbclid=IwY2xjawUyBjxleHRuA2FibQIxMABwZG9mAWJyaWQRMUFsbjVXcW92Rms3MmFBTE1zcnRjBmFwcF9pZBAyMjIwMzkxNzg4MjAwODkyAAEelehXXkuZ6_BwuXqmdxknsJvS0qzKAYhCIuSirTEVY5eg4Gm2_Gf4kOj_bI_aem_kr4ywaFUltHtXt3AmQbZEw#page/65



Digbundelprojek 2026

Blare in die Herfs

"Elke blaar wat val, vertel 'n verhaal."

Quill Craft Publishers nooi alle aspirant- en gevestigde digters uit om deel te neem aan ons Digbundelprojek 2026.

Ons nooi jou uit om saam met ander Afrikaanse digters 'n unieke bundel te skep waarin elke gedig 'n eie stem het, maar saam 'n groter verhaal vertel – die verhaal van verandering, herinnering, verlies, hoop en nuwe begin.

Die tema Blare in die Herfs hoef nie letterlik geïnterpreteer te word nie.

Vir sommige sal dit oor die natuur gaan.

Vir ander oor liefde, afskeid, geloof, verlange, verganklikheid of die reis van die lewe.

Laat jou gedigte spreek uit jou eie ervaring en verbeelding.

Die uitdaging

Skryf vyf (5) oorspronklike gedigte rondom die tema:

Blare in die Herfs

Die vyf gedigte behoort saam 'n klein tematiese reeks te vorm.

Elke gedig moet op sy eie sterk staan, maar saam behoort hulle deur 'n gemeenskaplike goue draad verbind te word.

Laat jou woorde soos herfsblare dwarrel – elkeen uniek, maar saam deel van dieselfde boom. Manuskripspesifikasies

Vyf (5) oorspronklike gedigte.

Afrikaans.

Die gedigte mag nie voorheen in 'n digbundel gepubliseer wees nie.

Lettertipe: Garamond.

Lettergrootte: 12 pt.

Lynspasiëring: 1,5.

Marges: 2,5 cm.

Elke gedig begin op 'n nuwe bladsy.

Bladsye moet genommer wees.

Dien die manuskrip as Microsoft Word (.docx) in. Net een dokument asb

Voeg 'n aparte voorblad by met:

Naam en van

Telefoonnommer

E-posadres

Volkeur foto

Kort biografie

EPOS NA qcpub1@gmail.com



Sluitingsdatum

30 DESEMBER 2026